

19 November - UITKOMS

Skrifgedeelte: Handeling 12:1-24

Fokusgedeelte: Handeling 12:5

Net toe dit lyk asof alles nou, *na ongeveer twaalf jaar*, baie voorspoedig begin verloop, word die vingerafdrukke van Satan al hoe duideliker sigbaar. Hy doen alles in sy vermoë om die getuieis van die Christene te keer.

Koning Herodes het die Christene in Jerusalem gevange geneem en hulle mishandel. Hy het selfs die ondersteuning van die Jode geniet toe hy Jakobus, die broer van Johannes, laat doodmaak het. So het Jakobus die eerste apostel geword wat as 'n martelaar gesterf het. Dit het Herodes gemotiveer om ook vir Petrus in die tronk te gooi en deur baie soldate te laat bewaak.

Die gemeente het met groot erns tot God gebid. Deur God se ingrype word Petrus op 'n wonderbaarlike wyse uit die tronk bevry, terwyl sestien soldate met hulle lewens moes boet as gevolg van Herodes se frustrasie. Uiteindelik is dit hy wat 'n grusame dood sterf as God hom as teëstander uit die weg ruim. God se werk gaan voort ondanks felle teëstand.

Die stryd van God se kerk sal al hoe feller word na die einde toe. Die groot teëstander sal al sy magte monster in sy aanslag teen die kerk van Jesus Christus.

Tog is daar 'n ryke troos. Die poorte van die hel sal die kerk van Jesus Christus nooit oorweldig nie. Selfs in die felste smarte moet die kerk biddend bly, want God sal uitkoms gee.

Sing: Skrifberyming 43:4

Ds IW Ferreira (Rietvallei)